



Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

INTERMEDIËRE FASE

GRAAD 6

NOVEMBER 2018

**AFRIKAANS HUISTAAL V3
NASIENRIGLYN**

PUNTE: 30


Hierdie nasienriglyn bestaan uit 5 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE AFDELINGS:

AFDELING A: OPSTEL [20 punte]
 AFDELING B: TRANSAKSIONELE TEKS [10 punte]

2. Beantwoord EEN vraag uit elke afdeling.
3. Nommer elke skryfstuk soos wat dit in die vraestel genummer is.
4. Skenk aandag aan spelling en sinskonstruksies.
5. Skryf netjies en leesbaar.
6. Maak gebruik van die volgende simbole by die nasien van skryfwerk.

VERDUIDELIKING	SIMBOOL	BESKRYWING
Woordorde		Sirkel met pyltjie
Spelfoute	-----	Kort strepies onder 'n woord.
Woordkeuse	/	Haal met 'n streep deur.
Weglaatteken	^	Woord weggelaat
Tye verwar	T	Hoofletter T in kantlyn
Herhaling van gedagtes	H	Hoofletter H
Dele saamgestel met woorde vanuit vraestel	VR	Vraestel
Verwarrend	?	Vraagteken
Nuwe paragraaf	[Enkel hakie

ALGEMENE ASSESSERINGSRIGLYNE**AFDELING A: OPSTEL – KREATIEWE TEKS**

Afdeling A word volgens die rubriek uit 20 geassesseer. Die leerder mag slegs oor EEN onderwerp skryf.

VERHALENDE OPSTEL – Hou die volgende in gedagte:

- Hierdie opstel gaan oor iets wat gebeur en vertel word.
- Dit het 'n sterk storielyn.
- Die opstel is boeiend, interessant, dit ontwikkel logies en samehangend.
- Die verhaal kan fiktief of uit eie ervaring wees.
- Inleiding is treffend en boei die leser.
- Sinstruktuur, spelling, leestekens, taalgebruik, paragrafering moet aandag geniet.

OF

BESKRYWENDE OPSTEL – Hou die volgende in gedagte:

- Waarnemings en 'n goeie woordeskat.
- Eie gevoelens oor die beskrywing kan gegee word.
- Plekke en karakters word akkuraat en duidelik beskryf.
- Sinstruktuur, spelling, leestekens, taalgebruik, paragrafering moet aandag geniet.

Kriteria	1	2	3	4
Toepaslike Inhoud	Inhoud nie van toepassing. Geen samehang. Idee s vervelig. Swak aanbieding.	Beskrywing hou plek-plek verband met die onderwerp. Samehang ontbreek. Herhaling van sinne.	Inhoud toepaslik geskik. Voldoende samehang. Oorspronklik en relevant.	Inhoud baie oorspronklik. Verbeeldingryk. Interessant en samehangend.
Taalgebruik en styl	Swak taalgebruik. Storie vol foute. Woordkeuse beperk. Inspanning om te lees.	Taalbewustheid beperk. Taal beperk en eenvoudig. Heelwat foute in storie.	Gemiddelde taalgebruik. Woorde nie voldoende. Foute nie oorheersend nie.	Goeie taalgebruik. Kreatiewe idees. Storie het min foute.
Spelling en punktuasie	Baie spelfoute en swak gebruik van leestekens.	Spelfoute nie so oorheersend nie. Redelike gebruik van leestekens.	Leestekens op regte plekke in sinne. Spelfoute minimaal.	Korrekte gebruik van spel- en leestekens. Enkele foute in storie.
Sinsbou en paragrawe	Geen paragrawe. Onderwerp nie aangeraak nie.	Swak sinne. Poging om paragrawe te gebruik, is minimaal.	Redelike sinne en paragrawe. Logiese en duidelike sinne.	Puik sinne. Uitstaande en briljant saamgestel.
Lengte van sinne	Te kort. Min sinne. 1–2 paragrawe.	Te min paragrawe. 3–4 paragrawe.	4–5 paragrawe. Lengte korrek.	Lengte en woorde korrek in ooreenstemming met vereiste van onderwerp.

TOTAAL AFDELING A: 20

AFDELING B: KORTER TRANSAKSIONELE TEKSTE

Word volgens die rubriek uit 10 geassesseer volgens die aangehegde rubriek.

VRAAG 2.1: KOERANTBERIG

- Koerant se naam moet boaan verskyn.
- Die berig moet gedateer wees.
- 'n Dag en datum vir koerantberig.
- Die verslaggewer (leerder) se naam moet daarop verskyn.
- Toon, styl en register moet gepas wees.
- Sinstruktuur, spelling, leestekens, taalgebruik en paragrafering moet aandag geniet.
- Inhoud moet handel oor die omgewing.

2.1 ASSESSERINGSRUBRIEK VIR KOERANTBERIG

Kriteria	Punte toegeken	Maksimum punt
<ul style="list-style-type: none"> • Formaat en lengte • Koerant se naam • Verslaggewer • Hoofopskrif 	<p>1</p> <p>1</p> <p>1</p>	[3]
Taalstruktuur en konvensies		
Sinstrukture <ul style="list-style-type: none"> • Korrekte sinne word geskryf sonder foute. • Foutlose saamgestelde en enkelvoudige sinne. Puntuasie <ul style="list-style-type: none"> • Hoofletters, leestekens op regte plekke. 	<p>2</p> <p>1</p>	[3]
Inhoud		
<ul style="list-style-type: none"> • Hoe lyk die omgewing? • Wie besoedel ons omgewing? • Nadelige gevolge van besoedeling op die omgewing? • Wat kan ons doen vir ons omgewing? Bv. Herwinning, meer bome plant. 	<p>1</p> <p>1</p> <p>1</p> <p>1</p>	[4]
TOTAAL:		10

VRAAG 2.2: BRIEF

- Adres moet duidelik aan die regterkant verskyn.
- Aanhef en slot moet duidelik voorsien word.
- Duidelike paragrawe moet voorsien word.

2.2 ASSESSERINGSRUBRIEK VIR BRIEF

Kriteria	1	2	3	4
Formaat	Formaat nie toegepas nie.	Vae idee van formaat. Foute egter gemaak.	Voldoend aan formaat vereistes.	
Sinsbou en aaneenskakeling van paragrawe.	Swak sinne, onvanpas, talle foute.	Redelike foute. Sinne is relevant tot die onderwerp.	Aanvaarbare sinne met enkele foute.	Sinne uitstekend Geen foute.
Spelling en punktuasie	Swak spelling. Foute oorheersend.	Redelik min spelfoute.	Geen spelfoute. Goeie punktuasie.	
Punte	1	2	3	2

VRAAG 2.3: TOESPRAAK

- Leerder moet begin met 'n aanhef.
- Geagte Dames en Here / Hartlike goeie nag / môre

2.3 ASSESSERINGSRUBRIEK VIR TOESPRAAK

Kriteria	Uitsonderlik 5	Knap 4	Gemiddeld 3	Elementêr 2	Onvoldoende 1
Inhoud en formaat Reaksie op en idees in teks, formaat van teks.	Uitstaande respons, bo verwagting. Skryfstuk behou fokus en op die punt af. Inhoud en idees samehangend. Akkurate formaat.	Baie goeie respons, behou fokus gepaste formaat; toon goeie kennis van kenmerke van teks. Inhoud en idees samehangend, Uitgebreed.	Respons voldoende; toon kennis van kenmerke van die teks. Enkele afwykings. Inhoud ens. idees redelik. Formaat gepas, maar enkele afwykings aanwesig.	Respons basies; geringe kennis van kenmerke van teks. Baie min detail in teks. Onseker van formaat.	Respons toon geen kennis van kenmerke van teks. Betekenis is onduidelik. Geen samehang van idees. Formaat nie toegepas.
Taal en styl Toon, register, styl en woordeskat is geskik vir die doel. woordkeuse, punktuasie, taalgebruik en konvensies punktuasie.	Hoogs geskikte Toon, register, styl en woordeskat. Geen grammatikale foute. Foutlose skryfstuk.	Geskikte toon, register, stylwoordeskat. Grammatika korrek; goeie skryfstuk. Foutloos.	Geskikte toon, register, styl, woordeskat. Enkele grammatikale foute, egter nie belemmerend nie.	Toon, register, styl, woordeskat, pas nie altyd by doel gehoor en konteks nie. Betekenis onduidelik. Grammatika onakkuraat.	Toon, register, styl woordeskat nie geskik vir doel. Besaai met foute. Onduidelike betekenis.
Punte	5	4	3	2	1
					[10]

AFDELING B: 10
GROOTTOTAAL: 30